'n Gesprek oor die teologie van Heyns

D F Theron

ABSTRACT

A discussion about the theology of Heyns

Heyns developed a theology with the kingdom of God as central theme. He was strongly influenced by the philosophy of Stoker of South Africa. This resulted in a more philosophical theology rather than a biblical theology. After his Theology of obedience had been developed, a more theological emphasis came to the fore, but it was still very much dominated by his philosophical approach. An outstanding and original characteristic feature of the way he interprets the kingdom of God, is that it has its starting point at creation and gradually develops through history and comes to fullness at the end of history. At this point in time the boundaries of this world and the kingdom of God will overlap completely.
The lack of thorough biblical exegesis can be pointed out as the biggest shortcoming in his theology, although he has great respect for Scripture and frequently quotes the Bible. The Bible is being dominated by philosophical perceptions. Nevertheless, Heyns is being regarded as maybe the greatest theologian South Africa has produced during the twentieth century.

Dialoog is eie aan die aard van Heyns se teologie. Gevolglik is dit gepas dat hierdie artikel dan ook die karakter van 'n tweegesprek sal aanneem. Ek het reeds by 'n vorige geleentheid[1] gepoog om 'n bondige samevatting van Heyns se teologie[2] weer te gee. In hierdie bydrae word verder daarop gekonsentreer.

DIE WISSELWERKING TUSSEN DIE BEGRIPPE: KONINKRYK VAN GOD EN GEHOORSAAMHEID

Enige persoon wat selfs net 'n vlugtige kennismaking met Heyns se teologie gehad het, sal weet dat die begrip koninkryk van God vir hom besonder belangrik is. Wat egter nie so maklik na die oppervlak kom nie, is die besondere inhoud wat hy aan hierdie eg Bybelse begrip gee. Trouens, 'n persoon soos Kamphuis[3] kyk hierdie besondere toegespitste betekenis oënskynlik mis. Die rede is voor die handliggend: hy het een van Heyns se minder gesistemâtiseerde werke, naamlik sy *Dogmatiek*[4] as uitgangspunt geneem en verdere verklarende aantekeninge daaroor opgestel. Daar is in die ondersoek na Heyns se teologie meermale op die oorskatting van hierdie werk gewys en die rede word ook duidelik uitgespel[5]. Die beste bewys dat 'n mens

nie kan sê jy ken Heyns se teologie as jy sy *Dogmatiek* deurgewerk het nie, vind 'n mens in Ntoane[6] se proefskrif, wat geweeg en te lig bevind is[7].

Trouens, dit is eers as 'n mens al sy boeke en artikels deurwerk en veral sy sterk aansluiting by die Calvinisme[8] en met name die filosoof H G Stoker[9] raaklees, dat die besef begin deurdring dat daar vir Heyns in die begrip koninkryk van God veel meer vervat word as wat dit op die oor af klink. Dit sou geen sin hê om binne die beperkte ruimte wat hierdie artikel bied, selfs te probeer om 'n sinopsis van hierdie ondersoek weer te gee nie. So 'n opsomming is wel elders gedoen[10]. Dié ondersoek het tot die gevolgtrekking gelei dat Heyns nie soseer deur die Gereformeerde teologie gelei is in sy ontwikkeling van die begrip koninkryk van God nie, maar veral deur die filosofie van Stoker. Die sterk nadruk op die kosmiese aard van die koninkryk van God[11] vind baie sterk aansluiting by Stoker se Christelike wysbegeerte van die skeppingsidee. Dit was hierdie denkskool se invloed wat die koninkryk van God 'n sentrale tema in Heyns se teologie gemaak het. Stoker se filosofie was die denkraam waarbinne Heyns se teologie besondere vorm en gestalte gekry het.

Omdat die koninkryk van God sentraal staan in Heyns se denke het hy die ganse geskape werklikheid as decor nodig ten einde reg te laat geskied aan so 'n omvattende en sentrale tema. Gevolglik moet Heyns se skeppingsleer as een van die belangrikste *loci* beskou word en eers as Heyns se skeppingsleer verstaan word, is sy ekklesiologie[12] begryplik. Anders as met die meeste ander Bybels-teologiese benaderings, breek die koninkryk van God vir Heyns alreeds by die skepping deur. Gevolglik is die voortgang en ontwikkeling van die skepping vir Heyns tegelyk ook die voortgang en ontwikkeling van die koninkryk van God, tot aan die voleinding van hierdie wêreld, waar die klem by Heyns nie soseer op die negatiewe einde van die skepping lê nie, maar die volledige teenwoordigheid van die koninkryk van God wanneer Hy alles in almal sal wees.

Die versoeking is groot om die hele ontwikkeling wat die begrip by Heyns deurloop het, te probeer opsom. Dit sou egter nie binne die perke van hierdie artikel gepas wees nie. Ten einde hierdie ontwikkeling na te gaan word weer eens na die studie oor Heyns se teologie verwys[13]. Wat egter belangrik is, is om die begrip gehoorsaamheid en die rol van hierdie begrip in Heyns se teologie deeglik in ag te neem, aangesien gehoorsaamheid 'n bepaalde dimensie aan die begrip koninkryk van God by Heyns gee[14].

In die ondersoek na die begrip in Heyns se teologie is meermale gevra waarom hierdie teologie van gehoorsaamheid wat Heyns ontwikkel het, so min aandag in die Suid-Afrikaanse teologie ontvang het[15]. Heyns het doelbewus soos Moltmann, Cullmann, Pannenberg, Bultmann en Ebeling gepoog om sy teologie rondom 'n bepaalde sentrale begrip te ontwerp. Anders as die begrip koninkryk van God wat so half onaangekondigd in Heyns se teologie ingetree het, vanweë sy

blootstelling aan die denke van Stoker, was Heyns met sy Lewende Christendom besig om aan die hand van sy gehoorsaamheid as 'n sentrale Bybelse begrip God en mens, hede, verlede en toekoms, geloof en daad, eksistensie en geskiedenis, dogmatiek en etiek, kerk en wêreld, die teologie en ander wetenskappe, met mekaar in verband te bring.

Dit is ook opvallend dat hy meer moeite doen om met die Skriftuurlike gehoorsaamheidsbegrip besig te bly. Eksegese en Bybels-teologiese insette speel 'n groter rol by die ontwikkeling van die begrip gehoorsaamheid.

Die begrip gehoorsaamheid het nie aanvanklik 'n sleutelrol in Heyns se teologie gespeel nie, ofskoon die gehoorsaamheidsbeginsel reeds in van sy vroegste werke aanwesig was[16]. Eers met die koms van Heyns se eietydse teologiese ontwerp in Lewende Christendom, het die gehoorsaamheidsbeginsel in hierdie werk die koninkryksbegrip as sleutelwoord minstens geëwenaar. Heyns kom self met 'n verbandstelling tussen die twee begrippe as hy gehoorsaamheid as die immanent-subjektiewe korrelaat van die begrip koninkryk van God aandui[17].

Weer eens val dit op dat gehoorsaamheid ook vir Stoker 'n sleutelwoord is[18]. Stoker beskou gehoorsaamheid as die hoeksteen van die Calvinistiese etiek. Dit is soms moeilik om te bepaal of Heyns net onder die invloed van die filosofie van Stoker gestaan het en of baie van sy standpunte nie ook die neerslag van die Afrikaanse Calvinisme is nie. Die invloed wat die Afrikaanse Calvinisme op Heyns gehad het is ook volledig nagevors[19]. Dit bly egter 'n belangrike feit om in ag te neem omdat dit eensydig sou wees om te sê dat Heyns net deur Stoker se filosofie van die Skeppingsidee gevorm is. Die Afrikaanse Calvinisme is egter ook sterk filosofies gekleurd, wat 'n objektiewe beoordeling haas onmoontlik maak. Die Calvinisme waarmee Heyns omgaan is grotendeels die produk van Stoker se besinning. As Heyns verklaar dat Christus se plaasbekledende gehoorsaamheid nie ons gehoorsaamheid ophef nie, want elke menslike werk is koninkrykswerk[20], kry 'n mens die indruk dat hy aanvanklik die begrip gehoorsaamheid by Stoker oorgeneem het en dit met die begrip koninkryk van God gekombineer het.

In sy vroeëre werke kry ons min of meer losstaande uitsprake oor die rol van gehoorsaamheid en word die beginsel van gehoorsaamheid soms sterk beklemtoon en ander kere byna onderbeklemtoon[21]. Heyns sal byvoorbeeld by geleentheid verklaar dat die koninkryk slegs dáár sigbaar is, waar die mens aan God se verwagtinge voldoen[22] en op 'n ander plek gehoorsaamheid slegs 'n meewerkende funksie in die totstandkoming van die Godsryk maak[23].

Om egter te redeneer dat gehoorsaamheid eers later by Heyns werklik belangrik geword het, is ook nie korrèk nie. Vanaf sy vroegste werke word gehoorsaamheid die kernsaak waaroor God se oordeel gaan. Veral in sy werk oor die dekaloog speel die begrip gehoorsaamheid 'n oorheersende rol. Wat in hierdie werk van hom egter opval is dat die mens getipeer word as iemand wat in staat is

om die wet te gehoorsaam, ofskoon die keuse om ongehoorsaam te wees, wel gehandhaaf word[24]. Die aanvanklike indruk wat 'n mens dus kry is dat dit nogal moeilik vir die mens is om ongehoorsaam te wees. Hierdie eienaardigheid hou verband met sy siening van die koninkryk van God en sal later meer verstaanbaar word. 'n Verdere bespreking van die begrip gehoorsaamheid by Heyns sou nie hier moontlik wees nie, en kan elders nagegaan word[25].

Die wisselwerking wat hierdie twee begrippe koninkryk van God en gehoorsaamheid by Heyns openbaar, was seker een van die interessantste aspekte van my ondersoek. Hierdie twee grondbegrippe kan by Heyns nooit los van mekaar gesien word nie. Heyns verbind die heerskappy van God en die gehoorsaamheid deur dit as twee aspekte van dieselfde saak te benoem: God se heerskappy is die transendent-subjektiewe aspek van die koninkryk van God en gehoorsaamheid is die immanent-subjektiewe aspek van die Godsryk. God se heerskappy is die objektiewe korrelaat van gehoorsaamheid en gehoorsaamheid is weer die subjektiewe korrelaat van God se heerskappy[26]. Indien 'n mens beide hierdie begrippe in Heyns se teologie ontleed in terme van sy koninkryksbeskouing, kom 'n besondere benadering na vore wat met reg 'n unieke koninkryksbeskouing genoem sou kon word. In my ondersoek is geen enkele teoloog in die Gereformeerde teologie gevind, wat die koninkryk van God só alles oorheersend beskryf nie.

Omdat Heyns die kosmos en die ontwikkeling van die kosmos ten nouste verbind met die koninkryk van God, is dit moontlik om Heyns se koninkryksbeskouing 'n protonistiese koninkryksbeskouing te noem. By die aanvang van die skepping neem die koninkryk van God op aarde 'n aanvang en mond uit in die *eskaton*. Tussen die *proton* en *eskaton* staan die koninkryk van God, wat hierdie twee punte in die geskiedenis met mekaar in verband bring. Soos wat die *proton* groei en uiteindelik sy vervulling in die *eskaton* bereik, is die stukrag van hierdie proses die koninkryk van God. Dit neem 'n aanvang by die skepping en groei voort tot by die *eskaton* waar die volle verwesenliking van die koninkryk van God deurbreek.

Aanvanklik speel die transendent-subjektiewe aspek van God se heerskappy 'n oorheersende rol in Heyns se denke en dit het tot gevolg dat die koninkryk van God by Heyns vergelyk kan word met 'n massiewe rotsblok wat van die skepping af teen 'n berg afstort en onstuitbaar deur die geskiedenis heen voortsnel. Die koninkryk van God is 'n werklikheid wat ten spyte van wat ookal voortgaan en sy vervulling in die *eskaton* bereik. God neem alles in die geskape werklikheid in diens om sy skeppingsgegewe doel met die koninkryk te bereik.

Namate die immanent-subjektiewe aspek van God se heerskappy by Heyns sterker na vore tree, word die koninkryk van God by hom 'n meer soepel en dinamiese begrip. Veral die mens tree as verantwoordelike wese sterker na vore en iets van hierdie "rotsblok"-karakter van die koninkryk van God verander. Sedert sy

Lewende Christendom, 'n teologie van gehoorsaamheid, poog Heyns om beide hierdie aspekte van die koninkryk van God tot hulle reg te laat kom. 'n Mens neem dit in sy Skrifbeskouing[27] en in sy ekklesiologie[28] waar. Om die betekenis van die begrip koninkryk van God by Heyns reg te verstaan, is dit egter nodig om op die effek van die tweesydige koninkryksbegrip in sy teologie te let.

Daar is reeds gesê dat Heyns se skeppingsleer die sleutel tot die verstaan van sy denke is, juis omdat daar by hom so 'n noue band tussen die skepping en die koninkryk van God is. Die koninkryk van God is 'n skeppingsgegewenheid wat in 'n protonistiese sin op die *eskaton* gerig is. Kortliks kan gesê word dat die koninkryk van God op aarde uitgroei tot by die *pleroma* van 1 Korintiërs 15:28. Dit het in my ondersoek gelei tot die omskrywing van Heyns se eskatologie as 'n protonistiese eskatologie[29]. In hierdie opsig speel die sondeval en Christus as Verlosser 'n besondere rol. Vanweë die sondeval was God genoodsaak om in die geskiedenis van sy koninkryk op aarde in te gryp ten einde sy doel daarmee te bereik. Te midde van God se sprekende ingryping, is van al die Woordgestaltes, die hoogtepunt in Christus te vind. Met sy voorsienigheidswoord is God besig om ten spyte van die sonde en deur die versoening van Christus, die skepping tot sy volheid te lei. Hierdie protonistiese eskatologie is eweneens 'n unieke bydrae wat Heyns as 'n oorspronklike denker tipeer.

In hierdie voortgang van die skepping van *proton* tot *eskaton*, wat in wese niks anders as die voortgang en voltooiing van die koninkryk van God is nie, speel die kerk 'n bemiddelende posisie. Die kerk se verkondigde Woord is sy toerusting om die onderskeie gestaltes van die koninkryk van God aan die wêreld voor te hou. Weens die meervoudigheid van die koninkryksgestaltes, is die kerk slegs een van die koninkryksgestaltes wat tesame met die ander koninkryksgestaltes vensters vorm waardeur die koninkryk van God as eskatologiese gawe gesien kan word. Dit waarop die skepping vanaf sy ontstaan afstuur en waaraan die kerk en die burgers van die koninkryk gehoorsaam meewerk, is die koninkryk van God. Die mens se kultuurskepping is daarom niks anders nie as om van die eerste dag van sy bestaan boetserend gestalte te gee aan die koninkryk van God totdat dit sy volle en finale gestalte soos in 1 Korintiërs 15:28 omskryf word, bereik.

Met sy verlossingswoord tree God die gevalle en geskonde wêreld tegemoet en roep Hy deur die versoening in Christus die kerk in aansyn en word Genesis 1:28 se skeppingsopdrag, die opdrag en taak van die kerk. Dit bepaal die doel en grense van die kerk. Sodra die koninkryk van God en die wêreld se grense saamval, soos wat die kerk se verkondiging dit eis en die burgers van die koninkryk ook aan meewerk, het God sy doel met die skepping bereik, maar dan tegelyk ook sy doel met die kerk bereik. Op hierdie punt in die geskiedenis sal die kerk in die koninkryk opgaan. Iets van die gedagte was vroeg reeds in Heyns se gedagte met die titel van sy eerste werk oor die kerk, naamlik *Die Kerk as diens aan die*

koninkryk[30]. Die Here se doel met die koninkryk, wat reeds by die skepping begin en onstuitbaar tot by die voleinding deurloop, is so kragtig dat selfs die sondeval dit nie kon stuit nie. Vir Heyns staan alles op aarde en in die kosmos in diens van die koninkryk se verwerkliking. Daarom is die ongelowige en in 'n beperkte sin die duiwel diensknegte van die koninkryk[31].

DIE IMPLIKASIES VAN HEYNS SE KONINKRYKSBEGRIP

Dit is reeds genoem dat Heyns se skeppingsleer belangrik is. Die rede is dat hy die skepping en die onderhouding en voortgang daarvan diensbaar maak aan die realisering van die koninkryk van God in al sy volheid. Een van die vele implikasies van hierdie koninkryksbegrip is sy toegespitste Christologie. Christus staan as brandpunt tussen die *proton* en die *eskaton*. Met sy gehoorsaamheid gryp Christus na die oerbegin terug, maar Hy gryp ook tegelyk met sy gehoorsaamheid vooruit na die *eskaton*. Beide hierdie grepe is vir Heyns die gestaltegewing aan die nabyheid van die koninkryk van God[32]. Die protonistiese teruggryping van Christus impliseer die aanwesigheid van die koninkryk van God aan die begin: Christus se eskatologiese vooruitgryping bevestig die feit dat dit wat in sy voor-finale, en onvolledige fase by die proton teenwoordig was, uiteindelik in sy volheid aan die einde sal deurbreek. In hierdie gees verklaar Heyns Jesus se wonders as 'n teruggryping na die goeie skepping aan die begin, voor die sondeval, sonder dat hy die eskatologiese betekenis van Jesus se wonderwerke verswak.

Omdat Heyns kosmologies oor die koninkryk dink, het die sondeval ook kosmologiese implikasies. Heyns verwys in hierdie opsig na die versteuring van God se orde in die wêreld[33]. Die versteuring van die Godsryk is veral op die subjektiewe vlak werklik deurdat die mens God nie meer gehoorsaam nie. Op die objektiewe vlak het die sondeval minder ingrypende implikasies, aangesien dit net God se liefdesgestalte verander het, naamlik dat Jesus Christus mens moes word. Ons het reeds daarop gewys dat die koninkryk selfs die toets van die sondeval kon deurstaan en steeds voortgaan. Slegs op die subjektiewe vlak moes God werklik ingrypende regstellings maak, naamlik om die mens deur Christus tot gehoorsaamheid te lei. Iets van die "rotsblokagtigheid" van die koninkryk van God by Heyns kom weer eens hierin na vore.

Wat Heyns se ekklessiologie betref, lê die begrippe kerk en koninkryk so na aan mekaar dat 'n mens soms in die duister is oor die grense van die kerk en sy taak en die grense van die burgers en die koninkryk en hulle koninkrykswerk. Hierdie verskynsel het direk te make met die feit dat Heyns in 'n groot mate die funksionering van die kerk beperk tot die erediensgebeure[34]. Hierdie verskraalde kerkbegrip by Heyns het ook direk te make met die nou verband wat hy tussen kerk en koninkryk lê. Kamphuis het 'n probleem met Heyns se kerkbeskouing. Hy het

veral 'n probleem met die wyse waarop Heyns tussen kerk en koninkryk onderskei[35]. Heyns het self probleme om hierdie twee begrippe uit mekaar te hou en om dit met mekaar in verband te bring. Hy sal by geleentheid die wêreld die koninkryk in die breë sin van die woord noem en die kerk die koninkryk in die engere sin[36]. By 'n ander geleentheid sal hy van die kerk as teken en van die koninkryk as betekende saak praat[37]. Eweneens is Stoker se invloed hier sigbaar-kerk en koninkryk is vir Heyns twee groothede wat enersyds nie identies is nie, maar andersyds ook nie volkome ongelyksoortig is nie[38]. Die kerk staan in diens van die koninkryk, in die besonder met die oog op die herstel van die koninkryk. Ten einde hierdie rol van die kerk te tipeer, verwys hy na die koninkryk in terme van aksie en die kerk in terme van reaksie. Die koninkryk as skeppingsgegewenheid gaan die kerk in temporele sin vooraf en die kerk sal uiteindelik volledig in die koninkryk opgaan. In nog 'n poging om die twee entiteite te onderskei, praat Heyns van die koninkryk as deel van God se skeppingsdaad en die kerk as deel van sy verlossingsdaad, maar dan nog steeds met die oog op die herstel en uitbouing van die koninkryk.

In die lig van hierdie tipe van onderskeidings praat Heyns van die kerk as die ruimte waar ons mense vind wat aan God gehoorsaam is. In die koninkryk gaan dit om die gehoorsaamheid of onderdanigheid van die ganse skepping, die ryke van stof, plant, dier, mens en geeste. Die kerk is vir Heyns 'n vooruitgeworpe stuk van die ryk en tog nie die ryk self nie, maar die kerk is verlangend op weg daarheen as die doel van sy bestaan[39]. Weens die groot klem op die koninkryk en omdat hy die ganse geskiedenis rondom die progressiewe voltooiing van die koninkryk laat sentreer, kry 'n mens in sy werke die gevoel dat die kerk as die gemeenskap van die heiliges nooit as groep na buite funksioneer nie en dat die kerk dus nie op die wêreld gerig is nie. Alles wat die kerk betref, vind uiting in die erediens. Vanuit die erediens (kerk) as een van die koninkryksgestaltes word die lidmate gestuur om in al die ander talle gestaltes van die koninkryk in die wêreld te gaan arbei. Die kerk is dus in 'n sin slegs indirek in die wêreld werksaam in die opsig dat mense vanuit die effek van die prediking tydens die erediens as koninkryksburgers binne ander koninkryksgestaltes in die week bou aan die koninkryk. Langs dié weg neem die kerk, wat die verhouding tussen God en die wêreld betref, die posisie van 'n middelaar of soort liturg in. In sy solidariteit met die wêreld tree die kerk vir die wêreld by God in en uit solidariteit met God verkondig die kerk die oordeel, die liefde, die toorn en genade van God aan die wêreld[40].

Dit is interessant om die konsekwensie van hierdie onderskeiding van Heyns te sien deurwerk na ander aspekte van die kerk se werk. In sy sendingtaak verkondig die kerk die boodskap van die koninkryk en dit is in wese dieselfde as die evangelie. Daarom is die kerk se sendingwerk in wese koninkrykswerk, nie gerig op die uitbreiding van die kerk nie maar die uitbreiding van die koninkryk. Bitter min

eksegese figureer hier by Heyns. Dat hierdie wyse van omgang met die Skrif vir ander problematies is, spreek uit die feit dat daar by geleentheid beweer is dat hierdie siening dat die kerk een van die talle ander koninkryksgestaltes is, 'n direkte uitvloeisel van die invloed van die filosofie van die wetsidee by Heyns is[41].

Ofskoon Dooyeweerd oënskynlik min invloed op Heyns uitgeoefen het, is dit wat sy ekklessiologie betref, tog moontlik dat Dooyeweerd Heyns kon beïnvloed het. Op voetspoor van Dooyeweerd stel Heyns die verkondiging van die Woord voor as 'n teken van die koninkryk, want dit is 'n daad van gehoorsaamheid. Dit vorm egter net een aspek van die koninkryk. Hier word die mens se siel deur die prediking gevoed en in die ontmoeting met die Heiland versorg. Buite die erediens sorg die Here egter op ander wyses ook vir die mens. So is die mediese wetenskap besig om na die mens se liggaamlike nood om te sien, wat eweneens 'n oorwinning vir die koninkryk is[42].

Dit is nie onbillik om te sê dat by Heyns die koninkryk die kerk oorheers en dat Heyns met 'n verskraalde kerkbegrip omgaan nie. Dat Heyns wel vanuit die Skrif sy kerkbeskouing begrond, is waar, maar daar is tog probleme as Heyns byvoorbeeld die skeppingsopdrag van Genesis 1:28 sien as die opdrag wat Christus aan sy kerk toevertrou. Sodoende word die kerk die dienskneg van die koninkryk. Dit is sekerlik nie 'n onbybelse waarheid nie, maar 'n mens sou tog wou sien dat dit wat die Nuwe Testament van die kerk sê, op die kerk van toepassing gemaak word en nie op die koninkryk van God nie. Dit word des te meer 'n probleem om te verstaan waarom Heyns die kerk se opdragte in die Nuwe Testament sonder moeite tot die opdragte van die burgers van die koninkryk maak, as hy met soveel nadruk bevestig dat die Skrifgeworde Woord die enigste bron vir die prediking van die kerk is. Trouens, hierdie hoë agting vir die Skrifgeworde Woord vrywaar Heyns teen alle verdenking dat die Skrif by hom sekondêre epistemologiese waarde het, soos wat Ntoane hom beskuldig[43].

Die probleem lê dalk by die feit dat Heyns skematies tussen verskeie Skrifgestaltes onderskei om dienstig te kan wees aan sy skerp onderskeiding tussen koninkryk en kerk. Juis die onderskeie Woordgestaltes maak dat Heyns die Skeppingswoord en die Voorsienigheidswoord baie sterk laat funksioneer, ten einde Skriftuurlike sanksie aan die alles omvattende rol van die koninkryk te verleen. Omdat Christus so 'n belangrike rol as Verlosser van die koninkryk speel, word eweneens groot klem op die Vleesgeworde Woord as enigste kenbron geplaas. Met dit alles is op sigself geen fout te vind nie, maar om die Skrif so te verskematiseer om by 'n bepaalde denksisteem in te pas, stel 'n mens bloot aan onnodige kritiek. Wat Paulus byvoorbeeld vir die kerk vra om te wees, word taak en opdrag van die burgers van die koninkryk. Die dilemma waarin Heyns beland met sy gedwonge onderskeidings van Woordgestaltes, is dat dit lei tot die feit dat die koninkryk as 'n skeppingsgegewenheid tipeer word, en anders as die kerk nie tot God se verlossings-

woord nie, maar tot sy skeppingswoord behoort. Sulke tegniese onderskeidinge mag dalk mooi klink, maar dit plaas tog 'n stuk ongemak op die leser van Heyns se werke, omdat die Skrifgebruik besonder skematies en teoreties word. As dit by Heyns se Skrifgebruik en Skrifbeskouing kom, is dit een terrein waaroor daar baie geredeneer kan word. Heyns word in die finale beoordeling van sy teologie op grond van sy Skrifhantering tog gekritiseer weens 'n gebrek aan diepgang in sy eksegese[44], ten spyte daarvan dat hy 'n baie hoë premie op die Skrif plaas. Tydens 'n ondersoek na Berkouwer se Skrifbeskouing[45] was die aandrang tot hierdie ondersoek juis afkomstig van Heyns, as studieleier. As studente het ons besondere aandag gewy aan Bavinck se Skrifbeskouing en die evaluering van Berkouwer se Skrifbeskouing is afgerond met die aanbied van 'n alternatiewe skopusomlyning[46]. Dit het sterk op klasaantekeninge wat studente by Heyns afgeneem het, berus. Hierdie klasnotas het grotendeels later in Heyns se werk oor die Skrif volledig na vore gekom[47]. Heyns se groot waardering vir Bavinck en sy oënskynlike aansluiting by Berkouwer was vir sy studente opvallend. Die eienaardige is egter dat baie min van Berkouwer in Heyns se teologie teruggevind kan word, ten spyte daarvan dat Heyns in gesprekke oortuig is dat hy 'n sterk Europese konteks in sy teologie ervaar en dan met name melding van Berkouwer se invloed op sy denke maak[48]. Die vermoede is dalk korrek dat ofskoon Europese teoloë se uitsprake en standpunte Heyns sterk aanspreek, sy eie filosofies-gekonstrueerde teologie, so sterk in sy denke gevestig is, dat hy alle ander teologiese uitgangspunte aan sy eie denke diensbaar maak.

Die verdere punt van kritiek teen Heyns is dat sy Bybels-teologiese insette nie aan die verwagtinge voldoen het nie[49]. Dit hang uiteraard saam met sy koninkryksbegrip wat as sentrale tema deur sy werke te vind is. Hasel[50] het baie duidelik uitgewys dat die Ou-Testamentiese teologie meer male ten prooi was van pogings om dit tematies te sentraliseer, maar dat dit nie in die Ou Testament werkbaar is nie. Selfs gekombineerde sentrale temas is nie haalbaar nie. Die enigste sentrale tema wat die Ou Testament sal duld, is God self. Sentrale temas in die teologie maak dat die Skrif verskematiseer word. 'n Sistematiese teoloog sal natuurlik sy teologie om 'n tema wil ontwikkel, maar die konsekwensie, soos ook by Heyns, is dat die Skrif uit 'n bepaalde gesigshoek benader word. Heyns is sekerlik korrek as hy sou beweer dat die koninkryk van God dié sentrale Bybelse tema is. Heyns het egter nêrens aangetoon dat hy die probleme in verband met so 'n sentrale tema Bybels-teologies ernstig geneem het en dat sy keuse vir die begrip koninkryk 'n verantwoordbare keuse is nie. Hierdie probleemstelling kon dalk meer aandag geniet indien Heyns - soos almal opreg verwag - na emeritaat, verdere teologiese besinning gaan oplewer.

Dit kan ook met reg gevra word of Heyns aan die Bybelse rykdom van hierdie begrip genoeg speelruimte bied. Sonder om in verdere diskussie te verval,

kan met billikheid gesê word dat Heyns nie tot dusver 'n grootskaalse worsteling met die Bybelse teologie aangeknoop het nie. 'n Mens kan jou indink watter diepgang sy teologie sou hê as hy naas die Bybelse-teologie ook aan sy eksegese groter aandag sou verleen.

Heyns se bydrae tot die sistematiese teologie in Suid-Afrika is van die omvangrykste in hierdie eeu. Tereg het iemand onlangs opgemerk dat Heyns sekerlik die grootste teoloog is wat Suid-Afrika gedurende die twintigste eeu opgelewer het. As sistematiese teoloog sou ek ten slotte weer wil vra vir 'n groter gevoeligheid vir die andersoortige verhoudingsaksente wat die verbond as Bybelse tema uitstraal. Die koninkryk van God is 'n onstuitbare heilshistoriese proses en die Koning van die ryk neem alles en almal met of sonder hulle medewete in diens van sy ryk. Die gehoorsaamheid aan die Koning van hierdie ryk is bykans 'n meganiese proses.

Binne die verbond speel die liefde en genade 'n besondere rol in die dialoog tussen God en mens, en dalk kan dit die harde rotsagtigheid waarmee Heyns die heilsproses tot dusver beskryf het, temper en in balans bring met die God van die verbond. Hy is tog tegelyk ook die God van die koninkryk waaroor Heyns hom vir soveel jare verwonder het.

NOTAS:

1 D F Theron, "Grondbegrippe in die Teologie van Heyns", *NGTT* 28(1987), 66-79.

2 D F Theron, *Die koninkryk van God in die Teologie van J A Heyns*, DTh-Proefskrif, Unisa 1984.

3 J Kamphuis, *Aantekeningen by J A Heyns se Dogmatiek*, Kampen 1982.

4 J A Heyns, *Dogmatiek*, Pretoria 1978.

5 D F Theron, *a w*, 1984, 78.

6 L R L Ntoane, *A Cry for life. An interpretation of "Calvinism" and Calvin*, Kampen 1983.

7 D F Theron, *a w*, 1984, 180 ev.

8 D F Theron, *a w*, 1984, 15 ev.

9 H G Stoker, *Oorsprong en rigting*, I,II, Kaapstad 1967, 1970.

10 D F Theron, *a w*, 1987, 71 ev.

11 D F Theron, *a w*, 1984, 93 ev.

12 D F Theron, *a w*, 1984, 130.

13 D F Theron, *a w*, 1984, 141 ev.

14 J A Heyns, *Lewende Christendom, 'n teologie van gehoorsaamheid*, Kaapstad 1972.

15 D F Theron, *a w*, 1984, 64 ev.

16 J A Heyns, *Gods vertrouelinge, gedagtes oor die gelykenis van die talente*, Potchefstroom 1959.

17 J A Heyns, *a w*, 1972, 49.

18 H G Stoker, *a w*, I, 1967, 56, 167, 204, 304.

19 D F Theron, *a w*, 1984, 15 ev.

20 J A Heyns, *a w*, 1959, 36, 37.

21 J A Heyns, *a w*, 1959, 36, 37.

22 J A Heyns, *Die nuwe mens onderweg: oor die Tien Gebooie*, Kaapstad 1970, 10, 14.

23 J A Heyns, *a w*, 1970, 108.

24 D F Theron, *a w*, 1984, 63 ev.

25 J A Heyns, *a w*, 1970, 99 (Ook voetnoot 132 in D F Theron, *a w*, 1984, 89).

26 J A Heyns, *Brug tussen God en mens, oor die Bybel*, Pretoria 1973.

27 J A Heyns, *Die Kerk*, Pretoria 1977.

28 J A Heyns, *Die Kerk*, Pretoria 1977.

29 D F Theron, *a w*, 1984, 112.

30 J A Heyns, *Die Kerk as diens aan die koninkryk. Annale van die Universiteit van Stellenbosch*, 1967.

31 J A Heyns, *a w*, 1972, 63 ev, *a w*, 1978, 166.

32 J A Heyns, *a w*, 1972, 50.

33 J A Heyns, *a w*, 1972, 17.

34 J A Heyns, *Teologiese Etiek I*, Pretoria 1982, 29 ev.

35 J Kamphuis, *a w*, 1982, 102 ev.

36 J A Heyns, *a w*, 1959, 8.

37 J A Heyns, *a w*, 1978, 352 ev.

38 J A Heyns, *a w*, 1967, 13.

39 J A Heyns, *a w*, 1978, 352.

40 J A Heyns *a w*, 1978, 372.

41 Resensie oor J A Heyns se *Die Kerk, In die Skriflig* 12/1979, 56.

42 J A Heyns, *a w*, 1970, 16.

43 L R L Ntoane, *a w*, 1983, 83 ev.

44 D F Theron, *a w*, 1984, 160 ev.

45 D F Theron, *Berkouwer se Skrifbeskouing, 'n kritiese waardering*, Proponentsverhandeling, Universiteit van Pretoria, 1971.

46 D F Theron, *a w*, 1971, 98.

47 J A Heyns, *a w*, 1973.

48 Hierdie waarnemings is gemaak tydens 'n gesprek met Heyns na afhandeling van my proefskrif. Dit was naas my kritiek op sy eksegese vir hom die tweede teleurstelling, naamlik dat ek te min van Berkouwer se invloed op hom as teoloog gemaak het.

49 D F Theron, *a w*, 1984, 166 ev.

50 G Hasel, *Old Testament Theology, Basic issues in the current debate*, Grand Rapids 1977, 77 ev.